

5 April

Johannes 21:1 -25, (Teks: 21:7)

Die Bron van alle aktiwiteit

Is daar by u afwagting vir dit wat God vandag in u lewe tot stand gaan bring? Die dissipels het in groot afwagting by Galilea gewag omdat die Here gesê het hulle moet daar wag (Matt 28:7,10). Toe Hy nie opdaag nie het Petrus die inisiatief geneem en saam met die ander gaan visvang. Daar was geen vrug op hulle arbeid nie. Met dit wat daarop volg verkondig die opgestane Here aan hulle dat Hy die Bron van alle aktiwiteit is. Dan herken hulle Hom en bely: "Dit is die Here!"

Hulle noem Hom "Here" want: Hy heers oor die skepping. Hy stuur die visse na hulle net toe. So staan ons ook voor die Lewende Here as ons sy krag in die skepping sien en bewus is dat Hy arbeid kan bekroon. Hulle noem Hom Here omdat Hy lewe, en omdat Hy die dood oorwin het. Daarmee erken hulle dat Hy beheer oor hulle lewens het. Al beteken die Here se verskyning in ons lewe soms teëspoed en mislukking, nogtans kan daar afwagting wees want Hy is die Here, die Bron van alle aktiwiteit. As Hy betrokke raak in ons lewens, is daar groot dinge te wagte. Die Here maak altyd seker dat ons Hom herken.

U staan dikwels vroeg op en gaan slaap laat. Leef u nog by die sekerheid: As die Here die huis nie bou nie, swoeg die wat daaraan bou, tevergeefs... Hoe begin jy elke dag? Is dit met diepe sekerheid: Dit is die Here, of is Hy nie in jou gedagtes nie?

Sing: Psalm 90:9

Ds. M.E. Schalekamp (Potchefstroom-Moorivier)